View this email in your browser

FAMILIENUUS #457 - 4 JUNIE 2024

OOSTELIKE SINODE

Ek lees van al die verskillende gebedsgeleenthede wat gereël is met die oog op die verkiesing. Dis wat 'n kerk doen: roep mense op tot gebed, want ons leef elke dag – vir alles – uit die hand van die Here.

Ek wonder of ons nog genoeg hiervan maak in ons eredienste? Dit is in ons saam-wees as gemeente dat die leraar die onsekerheid, die swaarkry, die nood en ook ons dankbaarheid verwoord in gebed.

Die gemeente van die Here bly steeds kinders wat in biddende afhanklikheid van hulle Hemelse Vader saamkom. Ons bid: "ons Vader wat in die hemel is..."

Francois Retief

GEMEENTES EN LERAARS

Ingrid Joubert is bevestig as diensleraar by Hazyview.
Rudolph du Plooy van Postmasburg het 'n beroep aangeneem na Amsterdam.

VANUIT DIE SINODEHUIS

Kommunikasie vanaf Pensioenkantoor

Die Sinodehuis stuur gereeld korrespondensie vanaf die Pensioenkantoor na die lede toe. Let asseblief op dat dit die Pensioenfonds se skrywes is. Die Sinodehuis is net die posman. (So bietjie tong-innie-kies: ek wonder hoe lank sal ons nog hierdie beeld kan gebruik – jongmense ken tog nie 'n posman nie?)

Navrae, korrespondensie of dokumentasie moet asseblief na die Pensioenkantoor toe gestuur word. Die kontakbesonderhede is theo@pensioene.co.za en 012-342 0415.

Finansiële state

Die nuutste opgedateerde formaat vir 2024 -2025 is op ons webblad onder Finansies beskikbaar. Alternatiewelik kan die vorm ook afgelaai word deur op die skakel hieronder te kliek.

Afgetekende finansiële state moet die Sinode asseblief **vóór 30 Junie 2024 in elektroniese formaat** bereik.

Kliek hier om die nuutste Finansiële staat af te laai.

BGB vorms

Ons versoek ons gemeentes, wat nog nie BGB vorms ingestuur het nie, om te verseker dat die vorms ons kantoor bereik sodat korrekte bedrae van gemeentes verhaal kan word.

Die nuutste begrotingsvorm vir gemeentes vir 2024-2025 is op ons webblad onder Finansies beskikbaar.

Kliek hier om die nuutste BGB vorm af te laai .

Inventarisvorms 2024

Baie dankie vir die positiewe reaksie met die indien van die inventarisvorms! Ons het al 25% van ons Sinode gemeentes se inventarisse ontvang.

Ons vra dat **inventarisse asseblief teen 14 Junie** teruggestuur sal word. Ons beoog om al ons gemeentes se vorms teen 28 Junie na die Argief in Stellenbosch te stuur, waar dit op die Argief Stellenbosch se webblad geplaas sal word.

by argief@sinoos.co.za vir enige navrae.

Verjaarsdae

Baie geluk aan elkeen wat tussen **4 - 17 Junie** verjaar.

PREDIKANTE

11 Junie Eliska Muller
14 Junie Antoinette Wilson
16 Junie Gerrit Vosloo
16 Junie Hennie De Vos

EMERITI

14 Junie Francois Botha
14 Junie Dion van Dyk

GEMEENTES

4 Junie Olifantsfontein (76)
8 Junie Groblersdal (84)
8 Junie Phalaborwa (63)
10 Junie Goedgegun-Swaziland (102)
13 Junie Kampersrus (65)

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

Onthou om die inligting op ons webwerf te benut. Die nuutste inligting oor personeelsake, finansiële dokumente, gemeentes se besonderhede en baie meer is beskikbaar.

Ons webtuiste

OOSTELIKE SINODE

Our mailing address is:

Want to change how you receive these emails?

You can update your preferences or unsubscribe